

KRAG IN JOU HANDE

Word 'n selfdoenkener met Cashbuild se gids oor die regte kraggereedskap vir elke taak

DIE regte gereedskap maak 'n reuse verskil wanneer jy al daardie selfdoentake in en om jou huis vinnig, maklik en professioneel wil aanpak. En of jy nou 'n kragboor of 'n slypmasjien soek, jy sal by die naaste winkel van die kampvegter vir verbruikers, Cashbuild, 'n wye reeks kraggereedskap kry, reg vir enige selfdoentaak.

Hier is 'n gids van Cashbuild oor kraggereedskap en wat jy alles daarmee kan doen.



FOTO: SLEGS VIR ILLUSTRASIE DOELINDERS: GALLO IMAGES/GETTY IMAGES

SLYPMASJIENE



Hulle is ideaal vir verskillende sny- en slyptake en hul kragvermoë verskil.

Die Skil 9030AA met 600 W krag is 'n klein slypmasjien ideaal vir huishoudelike gebruik. Met sy kompakte, duursame metaalratkas bied dit maklike toegang tot daardie smal, moeilik bereikbare plekke. Dit het 'n teenglygreep vir gemak en veiligheid. Nog 'n veiligheidskenmerk is die sekuriteits-skuifskakelaar vir veilige gebruik, selfs met handskoene.

Vir moeilike sny- en slyptake sorg dat jy die Skil 9780AA-slypmasjien met sy 2 000 W krag in die hande kry. Dit kan uiterste omstandighede beter deurstaan en sy gehaltekomponente waarborg langtermynbetroubaarheid en duursaamheid. Sy skuifhandvatse kan in drie posisies aangebring word.

BORE



KOORDLOSE BORE

Produkte soos die koordlose Skil 2006AB-boor is ideaal vir alledaagse take in en om die huis soos as jy foto's wil ophang, kassies se skarniere wil vasskroef of daardie tuinmeubelstel wat jy pas gekoop het, aanmekaar wil sit.

Die koordlose 12V-boor is draagbaar en het 20 wringkragverstellings vir presiese boorwerk. 'n Volle sluitposisie sorg dat die boorpunt nie rondskuif terwyl jy boor nie. Die boorkloukop waarmee die boorpunt styf in die boor vasgemaak word, is sleutelloos sodat bykomstighede vinnig en maklik omgeruil kan word. Die boor het 'n tru-aksie wat skroewe en boutte kan verwyder.



SLAGBOOR

Die bore verskil wat hul kragtoevoer betref – hoe moeiliker die taak, hoe meer woema sal jy nodig hê. Die Skil 6002AA-boor met 'n kragtoevoer van 500 W is liggewig en maklik om te gebruik. Dis geskik vir die meeste takies in en om die huis en het genoeg krag om deur harde oppervlakke te boor.

Vir normale boorwerk of die vasdraai van skroewe kan die impakfunksie afgeskakel word. Die boor het 'n tru-funksie vir die losdraai van skroewe en 'n sluitknoppie vir volgehoue boorwerk.

Die Skil 6495MA-slagboor het 1 100 W kragtoevoer vir ekstra skop. As jy groter boorwerk aanpak, is dit die boor vir jou.



HAMERBOOR

Dit kan moeilik wees om deur beton te boor – en as jy dit reg wil doen, het jy 'n boor nodig wat opgewasse vir die taak is. Met sy 750 W krag sal die Skil 1758AA-hamerboor moeiteloos deur beton boor. Danksy sy SDS Plus-boorpuntstelsel kan boor-punte vinnig en maklik omgeruil word en dit het ook 'n rota-sie-stopfunksie.

SAE EN NOG MEER

Cashbuild het 'n wye verskeidenheid sae, waaronder kompakte en figuursae, wentel-skuurders, skaafmasjien en hit-tegewere. □

■ Besoek jou naaste Cashbuild-winkel vir die kraggereedskap wat jy vir jou selfdoenprojekte nodig het. Vriendelike konsultante staan sewe dae per week reg om vir jou nuttige raad te gee.

Cashbuild-winkels is gerieflik regoor Suider-Afrika geleë. Vir nog inligting of om uit te vind waar jou naaste winkel is, bel die Cashbuild Sharecall-nommer by 0860-100-582.

